**Jacomien van Niekerk**
Jacomien van Niekerk is verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.
E-pos: jacomien.vanniekerk@up.ac.za

# Verstedeliking: vergelyking tussen Suid-Afrikaanse letterkundes en die kultuurteks


## Urbanisation: A comparison between South African literatures and the cultural text

Despite many efforts to publish comprehensive literary histories of South or Southern Africa in recent years, few studies exist in which a thorough comparative study is undertaken between two or more South African literatures. This article wants to provide a practical example of such a study by comparing the urbanisation of Afrikaners in Afrikaans literature with that of black people as seen in English and Zulu literature. The statement made by Ampie Coetzee that comparative studies should take place within the framework of discursive formations is one of the fundamental starting points of this study. Maaike Meijer's concept of the "cultural text" is further employed as a theoretical instrument. The identification of repeating sets of representation is central to the demarcation of a "cultural text about urbanisation" in Afrikaans, English and Zulu literature respectively. The cultural text forms the basis from which a valid comparative study can be embarked upon, and the results of the research have important implications for further comparative studies but also literary historiography.

**Keywords:** comparative literary studies, cultural text, South African literary historiography, urbanisation.

## Inleiding

Vanaf die 1980's is daar uit verskillende oorde al talle pleidooie gelewer vir vergelykende literatuurstudie in Afrika en Suid-Afrika.[1] Gesien die groot aantal tale op die kontinent, redeneer Albert Gérard byvoorbeeld, is dit die taak van die letterkundige om werke buite hulle oorspronklike taalgemeenskap bekend en verstaanbaar te maak, dus om met vergelykende literatuurstudie besig te wees: "the international, multilingual approach which belongs to the essence of comparative literature as a branch of learning is most urgently called for when dealing with African literature (Gérard 18). 'n Eenvoudige definisie van vergelykende literatuurstudie is, volgens Bassnett, "that it involves the study of texts across cultures, that it is interdisciplinary and that it is concerned with patterns of connection in literatures across both time and space" (1). Hierdie artikel wil veral die eerste eienskap (kruis-kulturele literatuurstudie) en die derde (*patterns of connection* tussen letterkundes) ten opsigte van 'n korpus tekste ondersoek.

In Suid-Afrika het daar die afgelope paar dekades 'n aantal literatuurgeskiedenisse verskyn wat 'n vergelykende benadering volg, of altans waar verskillende



© Van Schaik Uitgewers

Tydskrif vir Letterkunde – 50.3 (2013)
DOI: http://dx.doi.org/1.4314/tv.v50i3.4

04 Van Niekerk 03.pmd 39 10/13/2013, 5:01 PM

Suid-Afrikaanse letterkundes gesamentlik in een band bespreek word. Die lys begin by Stephen Gray met sy *Southern African Literature: An introduction* (1979). In 1993 was daar Ntuli en Swanepoel se *South African Literature in African Languages* en mees onlangs Michael Chapman se *Southern African Literatures* (1996, 2003) en *A History of South African Literature* van Christopher Heywood (2005). Hierdie studies verteenwoordig 'n poging om die teorie oor 'n gedeelde Suid-Afrikaanse letterkunde in praktyk om te sit deur aandag aan etlike verskillende letterkundes te bestee en 'n vergelykende perspektief op hierdie letterkundes te bied. Helaas gaan veral Chapman en Heywood se studies mank aan talle gebreke soos onvolledige en selfs onakkurate inligting (soos aangetoon deur Van Vuuren, "Heywood", De Kock, "Impossible history" en andere) wat 'n vraagteken agter die nut van hierdie publikasies plaas.

Naas hierdie naslaanwerke is vraagstukke rondom literêre geskiedskrywing deur Van Vuuren ("Introduction", "Recent changes") en Green *(Novel Histories)* ondersoek. Smit, Van Wyk en Wade se publikasie *Rethinking South African Literary History* (1996) is 'n versameling uiteenlopende bydraes waarin daar besin word oor die behoefte aan vergelykende studies, die pogings om *'n* Suid-Afrikaanse literêre geskiedenis neer te pen, die verband tussen geskiedenis en letterkunde, ensovoorts. Green ("Resisting" 228) problematiseer byvoorbeeld die strewe na 'n 'nasionale' Suid-Afrikaanse letterkunde en voer aan dat die konstruksie van 'n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis 'n "imaginative act" is: "the 'South African nation', given the historical moment of its emergence, must be forged out of the absence of the traditional criteria (a common linguistic, racial, religious, cultural or even historical heritage) used to define the 'conventional' nation state". Green en andere voel gevolglik dat oordrewe pogings om 'eenheid in diversiteit' aan te toon, vermy moet word, en dat dit relevanter is om grense, skeiding, kulturele oordrag, ensovoorts die objek van ons studie te maak. "It means that our larger project becomes the study of multifarious processes, institutional, historiographical and representational, by which we emerged into cultural division." (De Kock, "Smaller stories" 86) De Kock se stelling sal aan die einde van hierdie artikel krities beoordeel word. Voorlopig kan die stelling gemaak word dat daar by vergelyking tussen Suid-Afrikaanse letterkundes 'n sekere spanning bestaan tussen verwydering tussen kulture enersyds en *patterns of connection* andersyds.

Ten spyte van heelwat teoretisering oor vergelykende literatuurgeskiedskrywing en vergelykende literatuurstudie, is baie min vergelykende studies tussen Suid-Afrikaanse letterkundes die afgelope twintig jaar aangepak, altans in Engels of Afrikaans (die moontlike bestaan van studies in die Afrikatale kon nie nagegaan word nie). Sonder om te veel oor die uitdagings van vergelykende studies uit te brei, kan daar kortliks genoem word dat juis die groot aantal verskillende taalgemeenskappe in Suid-Afrika en gebrek aan vaardigheid in 'n ander taal as Engels of Afrikaans die mees voor die hand liggende rede is waarom so min navorsers



© Van Schaik Uitgewers

hulle op hierdie gebied waag. Die verwydering wat deur die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tussen tale en kulture ontstaan het, is tegelykertyd die vernaamste motivering vir vergelykende studies én die grootste hindernis wat hierdie soort studies bemoeilik.

Maar selfs wanneer 'n Afrikaanse navorser argumentsonthalwe in staat is om met Sotho- of Xhosatekste om te gaan, is vergelyking nie 'n eenvoudige taak nie. Wat presies 'n geldige basis vir vergelyking uitmaak, is 'n netelige kwessie. Hennie van Coller beweer tydens 'n referaat (by die kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek) in 2007 "vergelyking op willekeurige grond is sinloos" en noem 'n aantal benaderings wat volgens hom wel tot sinvolle vergelyking lei: die vergelyking van literêre velde en literêre sisteme; vergelyking van prosesse, kontekste, strominge, ensvoorts. 'n Vergelykende studie behoort dus deur 'n sistemiese benadering onderlê te word, al is dit ook hoe implisiet. Hierdie sistemiese benadering wat Van Coller noem, word uitvoerig deur Tötösy de Zepetnek bepleit: "Comparative Literature means the recognition of and the engagement with the Other, may that be a 'non-canonical text' (popular literature, for instance) or the literary and cultural aspects of another race, gender, nation, etc. […] [T]his historical enacting of a basic principle of Comparative Literature is implicitly *systemic* (30–31, my kursivering). Naas die bewustheid dat dit wat vergelyk word, verskillende literêre sisteme binne die groter polisisteem van die Suid-Afrikaanse letterkunde is, is dit belangrik om te besef dat die vergelyking van een teks uit een letterkunde met een teks uit 'n ander letterkunde gewoonlik sal stuit op die feit dat elke afsonderlike teks deur 'n veel groter groep tekste omring word. Dit is nie voldoende om 'n gemeenskaplike tema (willekeurig) in afsonderlike tekste te identifiseer nie.[2] Juis om hierdie rede voer Ampie Coetzee ("Oorgangsliteratuurgeskiedenis" en "Rethinking") aan dat vergelyking tussen die verskillende letterkundes van Suid-Afrika met die gebruikmaking van Foucault se konsep 'diskursiewe formasie' moet geskied: "[South African history] should be seen as a series of disruptions and events […] which can be identified in the present within definite, although often crisscrossing, discursive formations made up of the regular dispersion of statements" (Coetzee, "Rethinking" 13).

Die bevolking van Suid-Afrika het tot dieselfde diskoerse behoort en saamgeskryf aan hierdie diskoerse, ten spyte van die verdeeldheid en afsonderlikheid wat hierdie 'skryf' miskien gekenmerk het. Michael Chapman gebruik die voorbeeld van die Xhosa pryssanger en die Engelse setlaar-joernalis wat deel was van dieselfde verhaal in dieselfde tydvak van die geskiedenis, al was daar drastiese verskille in taal, agtergrond en sienswyse tussen die twee. Hierdie feit, sê hy, behoort ons daartoe te dwing om die ontmoeting tussen tradisioneel afgeslote kategorieë te verken.

> We are reminded, nonetheless, that the Xhosa bard and the settler journalist, though divided by language, literacy, race and probably sentiment, were both



© Van Schaik Uitgewers

04 Van Niekerk 03.pmd 41 10/13/2013, 5:01 PM

> part of the same story: a story that remains open, of course, to different interpretations. When the intent in southern Africa is to move beyond the conflicts of the past and chart new directions, the potential of the comparative method to investigate the intersections of traditionally closed categories seems to be an important function of literary history. (Chapman xix)

Ons moet dus begin deur die geskiedenis van Suid-Afrika te konseptualiseer as bestaande uit 'n verskeidenheid diskoerse. Tekste uit verskillende kulture kan uiteindelik tot dieselfde 'diskursiewe formasie' behoort, dit wil sê, hulle kan daardie diskoers telkens oproep en terselfdertyd die diskoers konstrueer. Binne die konteks van 'n diskursiewe formasie kan daar sinvolle vergelyking plaasvind tussen die wyse waarop 'n diskoers in een Suid-Afrikaanse letterkunde teenoor 'n ander gestalte kry. Enkele van Coetzee se voorbeelde is "die diskoers oor land" en "die diskoers oor die stad". Volgens my kan hierdie diskoerse alternatiewelik saamgevoeg word tot "die diskoers oor verstedeliking", en in hierdie artikel sal die diskoers oor verstedeliking as 'n gevallestudie gebruik word vir vergelykende literatuurstudie in Suid-Afrika. 'n Vergelyking is naamlik aangepak tussen letterkunde oor die verstedeliking van Afrikaners en die verstedeliking van swart mense.

Die publikasie wat waarskynlik die naaste aan hierdie studie lê wat die onderwerp daarvan betref, is die versameling artikels wat met C. N. van der Merwe as redakteur in 2001 verskyn het: *Strangely Familiar: South African Narratives in Town and Countryside.* In sy inleiding benadruk Van der Merwe die geïsoleerde wyse waarop die verstedeliking van verskillende groepe oor die algemeen bestudeer is en hy omskryf die doel van die boek as "an attempt to cross some of the dividing lines of the past, between peoples, between different 'literatures' of the country, and between literary history and general history" (1). *Strangely Familiar* bevat verskeie artikels oor narratiewe in verskillende tale van Suid-Afrika oor die stad (*town*) en platteland (*countryside*). Hierdie artikels is 'n waardevolle bydrae, maar fokus hoofsaaklik eensydig op verstedeliking in die onderskeie letterkundes (Afrikaans, Zulu, Xhosa, ensovoorts). Hoewel die boek dus die verskillende letterkundes ietwat nader aan mekaar bring, steek dit nie werklik die grense tussen dié letterkundes oor nie. Slegs een bydrae, dié van Stahle (2001) wend 'n poging aan om laasgenoemde te doen deur vergelykend met 'n Afrikaanse teks *(Swart Pelgrim)* en twee Engelse tekste *(Mine Boy, Cry, The Beloved Country)* te werk. Al drie tekste handel egter oor swart verstedeliking.

*Strangely Familiar* maak dit opnuut duidelik hoe moeilik dit is om studies op te spoor wat werklik vergelykend tussen Suid-Afrikaanse letterkundes te werk gaan, veral wanneer dit oor die vergelyking van ooreenkomstige dog verskillende *prosesse* (soos Afrikanerverstedeliking teenoor swart verstedeliking) gaan.

Die studie was om verskeie redes beperk tot 'n vergelyking tussen swart- en Afrikanerverstedeliking en het nie byvoorbeeld die verstedeliking of stadsbe-



© Van Schaik Uitgewers

04 Van Niekerk 03.pmd 42 10/13/2013, 5:01 PM

lewenis van wit, Engelssprekende Suid-Afrikaners betrek nie. Die beperkings van 'n M.A.-verhandeling was 'n vername rede, maar die feit dat swart mense en Afrikaners (in die stad) tot dieselfde sosiale klas, naamlik arbeiders, behoort het, het ook 'n vergelyking tussen hulle stadsbelewenisse aangemoedig.

Die aard van industrialisering in Suid-Afrika was sulks dat "Britse immigrante […] die meeste van die nuwe geleenthede wat in Suid-Afrika beskikbaar was, opgeraap [het]" (Giliomee en Mbenga 189) en dus handelaars en ambagsmanne in die dorpe en stede geword het. Daarteenoor het landbou "'n heenkome vir die oorgrote meerderheid van die Afrikaners gebied" (Giliomee en Mbenga 189), maar teen 1900 was daar slegs 10 000 Afrikaners wat nie op plase gewoon het nie (weens krisisse in die landbou) en "teen 1936 was die helfte van die gemeenskap verstedelik, en vir baie van hulle was dit 'n stryd om die mas op te kom" (Giliomee en Mbenga 185). Die armblankevraagstuk het vir die eerste vier dekades van die twintigste eeu die wit politiek oorheers (Giliomee en Mbenga 185).

Die ontdekking van goud in 1886 was natuurlik die dryfveer agter die ontwikkeling van Johannesburg as 'n stad en die myne (onder Britse bestuur) was 'n bron van arbeid vir swart trekarbeiders wat aktief deur die mynmaatskappye gewerf is (Giliomee en Mbenga 202). "'n Idee van die nywerheid as geheel is nooit aan dié werkers gegee nie, en nog minder 'n gevoel dat hulle 'n deel gehad het aan die uitdagings en geleenthede van die mynbedryf. Hulle het net genoeg inligting ontvang om hulle in staat te stel om ondergronds te werk" (Giliomee en Mbenga 202).

Hierteenoor kon plattelandse Afrikaners "nie maklik werk vind nie aangesien hulle nie oor nywerheidsvaardighede beskik het of die taal van die ekonomie, Engels, magtig was nie […]" (Giliomee en Mbenga 202). In die myne is die geskoolde werk egter deur wit werkers verrig en ná 'n staking van geskoolde werkers in 1907 het die mynmaatskappye hulle tot Boerevlugtelinge gewend om die werk van opsigters op die myne te verrig (Giliomee en Mbenga 203).

Dit is welbekend en ook uit hierdie kort oorsig duidelik dat die verstedeliking van Afrikaners en swart mense in talle opsigte drasties verskil het as gevolg van "die rassisme waarmee die wit samelewing in Suid-Afrika deurdrenk is" (Giliomee en Mbenga 203). Terselfdertyd was Afrikaners en swart mense grootliks aan dieselfde magte uitgelewer wat hulle ter wille van hulle arbeid uitgebuit en onderdruk het en daarom is daar ook talle ooreenkomste te vinde in literêre representasies van Afrikaner- en swart verstedeliking.

**Representasie en die "cultuurtekst"**

Hoewel die sisteemteorie en die begrippe 'diskoers' en 'diskursiewe formasie' die fondament vir vergelykende literatuurstudie vorm, word bykomende teoretiese instrumente benodig om 'n vergelykende studie aan te pak.



© Van Schaik Uitgewers

Eerstens het die konsep van "representasie" onontbeerlik vir enige soort literatuurstudie geword, en veral die konstruktivistiese benadering tot representasie: "neither things in themselves nor the individual users of language can fix meaning in language. Things don't *mean:* we *construct* meaning, using representational systems […] Hence it is called the constructivist or constructionist approach to meaning in language" skryf Stuart Hall (25) in sy seminale werk oor representasie.

Maaike Meijer gebruik in haar werk oor representasie, *In tekst gevat* (1996), die term "cultuurtekst": "het culturele model dat veel omvattender is dan de éne tekst, en dat in de individuele teksten steeds opnieuw wordt hernomen. Het is de eindeloze *herhaling* van bepaalde culturele schema's die werkelijkheidsvormend en subjektvormend is." (Meijer 16) 'n Kultuurteks is 'n denkbeeldige konstruk, 'n reeks herhalende representasies—elders praat sy van 'n "verstarde kode" van representasie wat keer op keer in verskillende tekste voorkom (8). Met "kultuurteks" bedoel Meijer wesenlik dieselfde as Foucault met sy begrippe diskoers en diskursiewe formasie. Sy vind haar term egter toegankliker, en ek het dit om dieselfde rede aangewend in my verkenning van die representasie van die stad in Suid-Afrikaanse letterkundes. Dit is handig om 'n denkbeeldige kultuurteks te konsepsualiseer, 'n teks wat oor en oor gelees word omdat individuele "ware" tekste stukkies van hierdie kultuurteks bly oorskryf, die kultuurteks voortdurend eggo.

'n Sleutelteks vir enigeen wat die stad/land-opposisie bestudeer, is *The Country and the City* deur Raymond Williams (1973). Hoewel die spesifieke konteks van die Engelse stad en platteland in die 1970's nie noodwendig relevant vir hierdie studie was nie, is die volgende aanhaling (oor die pastoraal in die letterkunde) emblematies van Williams se benadering en 'n insig wat die uitgangspunte van hierdie studie vernaam beïnvloed het: "All traditions are selective, the pastoral quite as much as any other. […] We must not look *at what the country was really like*: that is a utilitarian or materialist, even a peasant response." (29, my kursivering)

Hierdie artikel wil Williams se woorde aanpas: *Ons moet nie daarna strewe om te ontdek hoe die stad werklik was nie.* Al waartoe ons toegang het, in die vorm van literêre tekste onder andere, is representasies van die stad, en op grond van dié representasies moet ons ons gevolgtrekkings oor die representasie van die stadsbelewenis van Afrikaners en swart mense probeer maak. Om hierdie rede is 'n term soos die 'kultuurteks' nuttig, omdat dit die krag van herhalende representasies aantoon en as denkbeeldige konstruk enersyds soos één kragtige teks funksioneer, terwyl ons andersyds die hele tyd in gedagte hou dat die representasies wat ons ontleed in mindere of meerdere mate "onwerklik", vervlietend en ontasbaar is.

Die vergelyking wat hier nagestreef word, vind nie tussen individuele tekste plaas nie, maar tussen *kultuurtekste* oor verstedeliking. Met ander woorde, stelle herhalende representasies oor 'n spektrum van tekste heen word uiteindelik naas mekaar geplaas. Die eerste stap in so 'n vergelykingsproses is om die bestaan van 'n


© Van Schaik Uitgewers

kultuurteks aan te toon (in elk van die kulture wat 'n mens ondersoek) en dan kan vergelyking plaasvind tussen die kultuurteks oor Afrikanerverstedeliking en die kultuurteks oor swart verstedeliking. Hierdie studie oor verstedeliking kan as eksemplaries vir vergelykende studies oor talle ander diskoerse beskou word.

**Die stad/land-opposisie in die letterkunde**

'n Anonieme keurder van hierdie artikel het die belangrike opmerking gemaak dat "die diskoers plaas-stad en verstedeliking nog nie ten volle deel van die literatuurgeskiedenis van Suid-Afrika geword het nie". Die plaasroman in Afrikaans blyk 'n immer-gewilde studie-onderwerp te wees—vergelyk in hierdie verband onder andere Lubbe en Wiehahn, Wasserman, en Coetzee *(Hele os)*, asook Van Coller ("Afrikaanse plaasroman"; "Afrikaanse prosa; "Representasie"). Coetzee skryf byvoorbeeld:

> Die vroeë, gekanoniseerde Afrikaanse narratiewe waarin grond, die plaas en die plaaslewe meer as net agtergrond van die storie was, het ontstaan uit die sosiale omstandighede van die tyd. Maar die tekste wat geskryf is binne daardie ruimte het elemente bevat wat deel sou uitmaak van 'n diskoers waarin 'n spesifieke gemeenskap sou ontstaan: die gemeenskap van grond en van die plaas. (Coetzee, *Hele os* 55)

Prosa oor die stad en gedigte oor die stad (vergelyk die studies van F.I.J. van Rensburg [*Afrikaanse digter; Smal baan*] en Spies) is egter konsekwent apart geanaliseer. 'n Omvattende prentjie van representasie van die verstedelikingsproses en die stad in die Afrikaanse letterkunde kom dus nie in die bestaande studies na vore nie, hoewel Van Coller (2006) 'n uiters belangrike en omvattende bydrae ten opsigte van die prosa maak. Weens die beperkinge van die artikel is daar besluit om *nie* die romans wat Van Coller ontleed in hierdie studie te dupliseer nie, en om nie ook nog die plaasroman soos onder andere behandel deur Coetzee te betrek nie, maar om eerder te fokus op die 'onder-bestudeerde' stadspoësie.

Van Coller ("Representasie") tref onderskeid tussen vier vorme van romans: die plaasroman, die dorpsroman, die voorstadsroman en die stadsroman. Hy kom tot die volgende insig:

> 'n Voorlopige gevolgtrekking is dat, geoordeel aan die hand van die oorgrote meerderheid van die genoemde literêre tekste, daar in die Afrikaanse prosa nog nooit vrede gemaak is met die stad nie. Of die stand van sake die gevolg van 'n ideologiese vooroordeel is, van 'n hunkering na 'n bykans mitiese agrariese hinterland waar 'n ongerepte bestaan vermoed word, en of dit die gevolg van 'n kollektiewe (ingebore) wantroue teen die stad is, sal slegs voortgesette ondersoek kan verklaar. (113)



© Van Schaik Uitgewers

Hierdie artikel tree nie verder in gesprek met Coetzee en Van Coller se ondersoeke nie, maar poog ook nie om hul bevindings te weerspreek nie.

Die stad/land-opposisie is eweneens nog nie voldoende geteoretiseer in Engelse studies of studies in/oor die Afrikatale nie. Stephen Gray se artikel van 1985 bied (nog steeds) die omvattendste oorsig van die *Jim comes to Joburg*-tema in die Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde en geen studies het al gepoog om sy werk verder te voer nie, buiten die bydraes in *Strangely Familiar* waarna hierbo verwys is. Gray en *Strangely Familiar* bly beperk tot die prosa, en verbande tussen poësie oor die stad en prosa oor die stad is na my wete nog nie voorheen getref nie.

**Herhalende representasies van die stad**

Soos reeds genoem, kom die aantoon van die bestaan van kultuurtekste oor verstedeliking daarop neer om stelle herhalende representasies in literêre tekste te identifiseer. Hierdie identifikasie van herhalende representasies het 'n proses van abstraksie en rekonstruksie behels: in die ontleding van 'n individuele teks word een of meer soorte representasie sigbaar, en uiteindelik is vier aspekte van die representasie van die stad in die tekste wat bestudeer is, geïdentifiseer (by sowel die kultuurteks oor Afrikanerverstedeliking as dié oor swart verstedeliking). Hierdie aspekte is:

- Die representasie van die stad deur middel van landelike beeldspraak;
- Die representasie van die stad as die setel van 'n botsing tussen plattelandse waardes en die stadsbestaan;
- Die representasie van die stad as iets wat nooit 'n ware tuiste kan wees nie;
- Die representasie van die stad as 'n plek van gevangenskap, die bose en die dood.

Wat verder uit die sistematiese analise van die stadstekste geblyk het, is dat hierdie vier aspekte van die representasie van die stad nie onafhanklik van mekaar staan of toevallig in dieselfde teks voorkom al dan nie, maar dat hulle op mekaar voortbou en dat die ander vlakke van representasie as 't ware in elke bykomende laag opgesluit lê. Daar is dus 'n kumulatiewe proses te bespeur in die wyse waarop die stad gerepresenteer word.

Vervolgens word 'n samevatting gegee van die representasie van die stad in die kultuurtekste oor Afrikanerverstedeliking en swart verstedeliking waaruit hierdie kumulatiewe representasieprosesse sal blyk.

Die tekste wat bestudeer is, word in die onderstaande tabelle weergegee. Die studie is afgebaken tot tekste wat met verstedeliking in Johannesburg verband hou. In Afrikaans is die vroegste teks oor hierdie verskynsel Totius se *Trekkerswee* van 1915. Die vroegste tekste wat oor swart verstedeliking opgespoor kon word, dateer ongeveer uit 1920. Dit was problematies om 'n "einddatum" vir die studie te


© Van Schaik Uitgewers

vind, ook aangesien 'n onbepaalde aantal tekste nie bestudeer kon word nie, maar die keuse is gerig deur die historiese konteks van sowel Afrikaner- as swart verstedeliking; "ekonomiese mobilisering van die Afrikaner" (Giliomee en Mbenga 291) het sedert die laat-dertigerjare plaasgevind en is ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog bestendig (daarom kom G. A. Watermeyer se teks, *Die republiek van duisend jaar*, van 1957 as 'n anachronisme voor). Modikwe Dikobe se roman *The Marabi Dance* is in 1973 gepubliseer maar speel tydens die 1930's en 40's af. Vanaf die 1970's begin tekste waarin herhalende representasies van verstedeliking 'n belangrike rol speel trouens plek maak vir tekste waarin politieke verset teen apartheid 'n veel sterker rol speel.

| Outeur | Teks | Oorspronklike publikasiedatum | Publikasie |
|---|---|---|---|
| Totius | *Trekkerswee* | 1915 | – |
| Toon van den Heever | "In die Hoëveld" | 1931 | *Eugene en ander gedigte* |
| Johanna Cornelius | "Die stryd in die stad" | 1939 | *Klerewerker* |
| N.P. van Wyk Louw | "Stad" | 1935 | *Alleenspraak* |
| Elisabeth Eybers | "Busrit in die aand" | 1939 | *Die stil avontuur* |
| | "Witwatersrand" | 1962 | *Balans* |
| D.J. Opperman | "Sarkofaag" | 1945 | *Heilige beeste* |
| | "Stadsnag" | 1945 | *Heilige beeste* |
| | "Stad in die mis" | 1945 | *Heilige beeste* |
| | "Vyfuur" | 1945 | *Heilige beeste* |
| | "Na die myninstorting" | 1945 | *Heilige beeste* |
| | "Grootstad" | 1947 | *Negester oor Ninevé* |
| | "Ballade van die grysland" | 1947 | *Negester oor Ninevé* |
| S.J. Pretorius | "Stakers" | 1943 | *Vonke* |
| | "Sonnet – uit Malvern" | 1945 | *Die arbeider en ander gedigte* |
| | "Die arbeider" | 1945 | *Die arbeider en ander gedigte* |
| | "Stadswyk" | 1963 | *Die Mummie en ander verse* |
| | *Grou mure* | 1953 | – |
| G.A. Watermeyer | *Die republiek van duisend jaar* | 1957 | – |

**Tabel 1:** Bestudeerde tekste waarin Afrikanerverstedeliking ter sprake is



© Van Schaik Uitgewers

| Outeur | Teks | Oorspronklike publikasiedatum | Publikasie |
|---|---|---|---|
| Anoniem | "Emakhaya" | ca. 1920 | *Lalela Zulu* |
| | "Imali yami" | ca. 1920 | *Lalela Zulu* |
| R.R.R. Dhlomo | "Skokiaan" | 1929 | *The sjambok* |
| | "The sins of the fathers" | 1929 | *The sjambok* |
| | "Bought and paid for" | 1930 | *The sjambok* |
| | "Special pass" | 1930 | *The sjambok* |
| B.W. Vilakazi | "Woza Nonjinjikazi" | 1944 | *Inkondlo kaZulu* |
| | "Ukuhlwa" | 1945 | *Amal' ezulu* |
| | "Ezinkomponi" | 1945 | *Amal' ezulu* |
| Peter Abrahams | *Mine Boy* | 1946 | – |
| Alan Paton | *Cry, The Beloved Country* | 1948 | – |
| F.A. Venter | *Swart pelgrim* | 1952 | – |
| Mbokotwane Manqupu | "Love comes deadly" | 1955 | *The Drum Decade* |
| Richard Rive | "African Song" | 1956 | *The Drum Decade* |
| Mongane Wally Serote | "City Johannesburg" | 1970 | *Yakhal' Inkomo* |
| Njabulo Simakahle Ndebele | "I hid my love in a sewage" | 1970 | *The return of the Amasi bird* |
| Modikwe Dikobe | "A worker's lament" | 1970 | *The return of the Amasi bird* |
| | *The Marabi Dance* | 1973 | – |

Tabel 2: Bestudeerde tekste waarin swart verstedeliking ter sprake is

ʼn Bespreking van sowel Afrikaanse prosa- as poësietekste sou vollediger en ideaal gewees het, maar weens die voorkoms van bestaande studies oor die stad in die Afrikaanse prosa en vanweë ʼn ruimtebeperking is daar soos reeds genoem, besluit om geen Afrikaanse prosatekste in hierdie studie te ontleed nie. By die tekste oor swart verstedeliking kom al drie genres egter aan die beurt. Geen Zuluromans is ontleed nie, maar wel ʼn aantal gedigte van Vilakazi. Verder is die tekste in Engels.

Bostaande lys van tekste gee nie voor om omvattend te wees nie; dit sou nog deur talle belangrike tekste aangevul kon word. Kanoniserings- en publikasiekwessies is nie in berekening gebring nie. Die naasmekaarplasing van anonieme tekste met dié van gekanoniseerde skrywers is byvoorbeeld nie geproblematiseer nie, of die bruikbaarheid van ʼn teks soos *Die republiek van duisend jaar* (G.A. Watermeyer), ʼn sprekende voorbeeld van Afrikanerchauvinisme (wat self deur Watermeyer uitgegee is). Die versameling tekste is primêr ingespan om hipoteses oor die



© Van Schaik Uitgewers

04 Van Niekerk 03.pmd 48 10/13/2013, 5:02 PM

kultuurteks oor verstedeliking te toets en daarom is talle konvensionele kwessies nie aangeraak nie.

Die Afrikaanse roman van F.A. Venter, *Swart pelgrim,* is as 'n teks oor swart verstedeliking bestudeer al is die outeur nie swart nie (presies dieselfde situasie as met *Cry, the Beloved Country,* natuurlik). Hoewel 'n noukeurige ideologiese analise waarskynlik sou uitwys dat Venter se opvattings oor swart mense tot 'n kunsmatige verplasing in hul omstandighede in die vorm van die roman gelei het, was juis hierdie kunsmatige representasies en hul ooreenkoms met representasies wat by swart skrywers gevind word, vir die doel van hierdie studie belangrik.

Indien tekste uit ander inheemse tale as Zulu oorweeg is, sou die vertaling van Basotho-mynwerkersliedere deur Malefetsane Lenake en Chris Swanepoel, *Swerfsange* (Mokitimi 2004) een van die tekste gewees het wat beslis ingesluit sou wees by hierdie studie.

Dit is nie moontlik om hier, soos by die oorspronklike M.A.-verhandeling, 'n bylaag te verskaf van al die gedigtekste (insluitende oorspronklike Zulu-gedigte en vertalings) wat in die studie ontleed is nie. Verder is daar geen ruimte om gedetailleerde ontledings van tekste te verskaf nie, en word daar volstaan by sleutelaanhalings en die uiteindelike gevolgtrekkings van die sistematiese analises wat in die verhandeling uitgevoer is.

***Die representasie van die stad deur middel van landelike beeldspraak***

In tekste oor Afrikanerverstedeliking asook swart verstedeliking vind representasie van die stad deur middel van landelike beeldspraak op verskillende maniere plaas. Die diskoers oor die stad blyk in vele tekste nie oor 'n woordeskat te beskik waarmee die stad gerepresenteer kan word nie. Gevolglik word die stad in die vorm van landelike metafore beskryf.

In *Trekkerswee* van Totius word die stad beskryf as "één molshoop, groot en grys" (Totius 177). In Eybers se "Busrit in die aand" word die weerkaatsing van lig op die teerpad vergelyk met "oor 'n dam die blinkpad na die maan". Die spreker se verblyf in die stad word in "Witwatersrand" vergelyk met 'n "bitter vrug" om aan te "knaag" tot die "haassprong terug" na die landelike omgewing gemaak kan word. Die werkers in Opperman se "Ballade van die grysland" word vergelyk met "bye aan 'n nat bruin heuningkoek", en elders word die vermaaklikheidsentrums van die stad beskryf as "tuine van die nag, waar neonligte blom". In *Die republiek van duisend jaar* deur G.A. Watermeyer word die oorname van die stad deur die Afrikaner herhaaldelik beskryf in die vorm van metafore wat aan die landelike, landbou, ensovoorts ontleen is, byvoorbeeld "fonteine van die stad verken / om leibeurt vir die volk te wen" (Watermeyer 26).

In sowel die gedigte "Woza Nonjinjikazi" (reël 13) as "Ezinkomponi" (reël 44) van Vilakazi word die werkers op die myne met molle vergelyk en gevolglik die mynhope met molshope. Enersyds beklemtoon dit die ondergrondse aard van


© Van Schaik Uitgewers

hul werk, wat onnatuurlik is (in "Ezinkomponi" is die veldmuis eintlik in ʼn mol verander, en die mynwerkers moes ʼn soortgelyke metamorfose ondergaan). Andersyds word gesuggereer dat die werkers niks het om vir hulle arbeid te wys nie, soos wat ʼn mol se getonnel niks anders as nuttelose grondhope oplewer nie. Weliswaar is dit nie presies ʼn metafoor nie, maar ʼn rustige aand in die stad noop Xuma in *Mine Boy* (Abrahams) om te dink, "It was like being home in the country again". In Venter se *Swart pelgrim* word die stad en sy mense telkens deur middel van landelike metafore beskryf, byvoorbeeld die geboue wat soos "kranse" is, die "wildernis van beton en staal", ensovoorts. Die transponering van elemente van die stad op natuurelemente wat gebruik word om die stad te beskryf, word uitgebreid in "City Johannesburg" (Serote) toegepas, in frases soos "neon flowers", "electrical wind" en "cement trees". In *The Marabi Dance* (Dikobe) word ʼn aand in ʼn danssaal, ʼn tipiese stedelike toneel, beskryf deur die dansers te vergelyk met wiegende mielieplante en voete wat beweeg "soos ʼn springbok wat ʼn rivier oorsteek".

Die stad is dikwels ʼn vervorming van die landelike, byvoorbeeld in *Trekkerswee* waar ʼn lys mooi, skoon elemente van die landelike nou vuil en verdorwe geraak het: "Die grond voorheen so skoon en rooi / is nou met steenkool-as bestrooi".

In Vilakazi se "Ukuhlwa" word die stad onder andere beskryf deur enumerasie van die landelike aspekte wat in die stad afwesig is (byvoorbeeld gras en ʼn rivier).

Die rook wat oor die stad hang, en die stadslug in die nag, word in *Trekkerswee* vergelyk met die rook en "gegloor" van ʼn "veldbrand", dit wil sê, iets vernietigends in die natuur. In "Ballade van die grysland" (Opperman) is die son wat op die "dakke en skoorstene blink" soos die son wat in ʼn "leeggeloopte dam" (in die landelike omgewing) blink op "bottelskerwe en geroeste sink". Eweneens is die vergelyking van die stadsbewoners met "nat voëls" (reël 59) ʼn gelykstelling met ʼn negatiewe element van die natuur.

Die feit dat die mans in "Ezinkomponi" van Vilakazi (strofe 8) met "gekastreerde osse" vergelyk word, dui op die wyse waarop hulle van hul manlikheid ontneem is. In "Ukuhlwa" (Vilakazi) word misdadigers vergelyk met jagters, en die stadsbewoners is gevolglik hierdie jagters se prooi. Op dieselfde manier word die mensemassa soos ʼn trop diere deur die nag bymekaargemaak, waardeur die passiwiteit en hulpeloosheid van die werkers beklemtoon word. In *Swart pelgrim* beskryf Kolisile die manier waarop die stad ʼn houvas op Mfazwe gekry het, as ʼn "tier" wat "die jong kalf gryp en nie laat los nie" (Venter 27). ʼn Ander negatiewe aspek van die natuur is gronderosie, waarmee mense se gesigsuitdrukkings in "City Johannesburg" (Serote) vergelyk word: "Expressions that have tears like furrows of soil erosion" (reël 42).



© Van Schaik Uitgewers

***Die representasie van die stad as die setel van 'n botsing tussen plattelandse waardes en die stadsbestaan***

In Afrikaanse tekste hou 'plattelandse' waardes dinge soos geloof, tradisie en antikapitalisme in. Oom Gert in *Trekkerswee* beleef dit as 'n versteuring van 'n God-gegewe orde dat daar "geen Son- of Maandag meer" (Totius 1977: 164) in die stadsgewoel is nie. Nou vervleg met oom Gert se geloof is 'n grootliks geldlose bestaan vóór die koms van die stad en myne. Nou dat oom Gert egter afhanklik is van geld, is hy "vol sorg", want "'n ander God het daar gekom, / en die naam van die god is: Goud" (Totius 161). Ook in die gedig "In die Hoëveld" is die spreker se "huisie" op die Hoëveld in direkte kontras met "geld": "Staan my huisie, wat ek moes verlaat vir geld". Dit was ook die plek waar 'n mens nog "aan 'n God kan glo", wat by implikasie nie in die stad moontlik is nie. In *Grou mure* (S. J. Pretorius) was die natuur op soortgelyke wyse 'n religieuse ruimte ("elke krans was 'n altaar / en oral het ons God gewaar"). Daarteenoor, in die stad, sê die spreker, "Maar hier gevang deur die masjien […] weet ons niks meer van God daarbuite / agter die skemerende ruite" (Pretorius 7).

In "Woza Nonjinjikazi" (Vilakazi) spreek die verwysings na tradisionele fluite, musiek en regimentele danse van 'n ouer tradisionele leefwyse. Hierdie dinge bestaan in veranderde vorm op die myne voort en dien gevolglik as rigtingwysers na 'n toekoms waarin die heersende politieke orde omgekeerd sal wees. In "Ezinkomponi" word die verlede van die Zulu's (byvoorbeeld hulle oorwinning oor die Engelse by Isandhlwana) egter verdwerg deur hulle huidige onderdrukking as mynwerkers. Op eenderse wyse moes hulle tradisionele leefwyse (soos verteenwoordig deur mielies, suurmelk en melk) plek maak vir die dinge van die stad (soos Westerse pap). Op die myne word volgroeide mans "seuns" genoem, wat dui op 'n omkering van die natuurlike, tradisionele orde. In *Mine Boy* (Abrahams) word daar eksplisiet verwys na "the ways of your people" (Abrahams 10) waarvan 'n mens volgens Leah in die stad vervreemd raak. Elders in die roman is dit duidelik dat tradisionele waardes (*custom*) en die stad nie met mekaar versoenbaar is nie. *Cry, The Beloved Country* (Paton) spreek ook eksplisiet die kwessie van die *tribe* en *tribal society* en die spanninge tussen die tradisionele begrip van die stam en die stedelike leefwyse aan. In *The Marabi Dance* (Dikobe) word die "Afrikadans" as positiewer en edeler as die "Westerse dans" uitgebeeld.

***Die representasie van die stad as iets wat nooit 'n ware tuiste kan wees nie***

In "Die stryd in die stad" deur Johanna Cornelius maak uitsprake van die spreker soos "Ek is gebroke, gedrywe van my land" (reël 3) dit duidelik dat die stad in teenstelling staan tot die spreker se ware tuiste en dus by implikasie nie 'n tuiste kan wees nie. Ook in "Witwatersrand" van Eybers is die implikasie van "die haassprong terug" dat die stad slegs 'n tydelike tuiste is en dat daar teruggegaan sal word na 'n ware tuiste elders (op die platteland). In "Sonnet—uit Malvern"


© Van Schaik Uitgewers

(Pretorius) suggereer die frase "nou onterf van vadersgrond" dat die werkers hulle nie meer in hulle ware tuiste bevind nie en elders 'n heenkome moes vind. Die stad is niks meer as 'n "hawe" in *Die republiek van duisend jaar* (Watermeyer) nie—dit word slegs as 'n noodwendige onderdak beleef.

'n Eenvoudige liedjie soos "Emakhaya" druk die gedagte uit dat daar teruggegaan moet word na die spreker en sy vriende se ware tuiste op die platteland waar daar op hulle gewag word. In "Ezinkomponi" (Vilakazi) word die idee egter veel meer eksplisiet uitgedruk dat onteiening van die grond van die voorvaders plaasgevind het en is daar 'n versugting na 'n tyd wanneer die grond weer aan die regmatige eienaars sal behoort. In *Mine Boy* (Abrahams) sien Xuma (wat pas van die platteland af gekom het) dit as vanselfsprekend dat iemand wat in die stad woon, 'n verlange na die platteland sal hê, ongeag hoe lank hulle al in die stad woon. In *The Marabi Dance* is verblyfreg in die stad onseker en afhanklik van 'n persoon se werksituasie, en hierdie onbevredigende stand van sake word nog verder vererger deur die gebrek aan 'n tuiste op die platteland, aangesien dié lankal nie meer bestaan nie.

***Die representasie van die stad as 'n plek van gevangenskap, die bose en die dood***

Die drie elemente (gevangenskap, die bose en die dood) wat telkens gesamentlik in hierdie onderafdeling behandel is, is juis tesame behandel omdat hulle moeilik van mekaar geskei kan word. In tekste oor sowel Afrikanerverstedeliking as swart verstedeliking word beelding waarin die stad 'n plek van gevangenskap of boosheid is gesamentlik met beelding aangetref wat dui op doodsheid of die onvermydelikheid van die dood in die stad. Daar kan wel onderskei word tussen die totstandkoming van hierdie gelyktydige beelding deur middel van simboliek en deur ander middele.

In Van Wyk Louw se gedig "Stad" word die stadsbewoners se gesigte as "geel geplooide maskers" beskryf, wat sowel siekte as leweloosheid impliseer. Daar is ook die simboliek van die kleur swart ("swart geteerde strate", "swart masjien") en van die slang ("slange gly van bande"). Die donker simboliseer in "Stadsnag" (Opperman) die bose en daar is ook eksplisiete verwysing na "Mefistofeles"; die ganse gedig is 'n beskrywing van die gevolge van boosheid en verlorenheid in die stad. 'n Soortgelyke proses vind plaas in "Vyfuur" waar die "eie duisternis" waarin die "moeë duisendpoot" homself sluit ook die simboliese betekenis van boosheid en die dood dra. Die "stakers" (in die gedig deur S. J. Pretorius) word omring deur masjinerie wat beskryf word as "donker diere" wat "glimmend swart" is. Die simboliek van swart en donkerte word versterk deur die frase in die slotreël "stil soos die dood". Die fabriek is selfs tydens 'n staking 'n dreigende ruimte wat uiteindelik tot die werkers se dood sal lei. Pretorius blyk 'n digter te wees wat graag simboliek inspan, want in "Die arbeider" kom dit herhaaldelik voor: die simboliek van die kleure wit en swart, en ook die simboliek van die "draak" en die



© Van Schaik Uitgewers

"reuse-adder". Laasgenoemde drie elemente simboliseer al drie boosheid en dui daarop dat die arbeider se ondergang in die stad onvermydelik is.

In "Ukuhlwa" (Vilakazi) staan "vlermuise" vir die tyd van die nag wat onheil suggereer, terwyl die massa wat krioel soos maaiers 'n suggestie van dood en verrotting het. Njabulo Ndebele se gedig "I hid my love in a sewage" gebruik die beeld van 'n perdeskoen wat eers op die hoef van 'n perd op die platteland was, maar nou soos 'n klok oor teerstrate lui. 'n Klok kondig dikwels dood en ongeluk aan.

Die stad (of meer spesifiek die myn) in die teks "In die Hoëveld" van Toon van den Heever is gelyktydig 'n plek van gevangenskap ("gange van die myn") en 'n plek waar die spreker die dood sal ontmoet ("as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit"). Daar is geen vooruitsig dat hy sal terugkeer na sy geliefde huisie in die Hoëveld vóór sy dood nie. Eweneens is die "werkers van die stad" in "Busrit in die aand" se "lot" gelyktydig die feit dat hulle soos "slawe" en "buit" is, maar hul "lot" kan ook uiteindelik die dood impliseer. Die stad en die myn val in "Sarkofaag" (Opperman) saam; die myn word uitgebeeld as 'n graf wat vir alle inwoners 'n teken van die dood word. In "Stad in die mis" word die stad in 'n uitgebreide metafoor as 'n wreedaardige dier uitgebeeld wat onheilspellend en gevaarlik is. Die mynwerkers in die gedig "Na die myninstorting" is sodanig verontmenslik en onderdruk deur die werk op die myn dat hulle selfs ná hulle letterlike dood meer tot die doodsheid en donkerte van die myn behoort as tot die glans van die hemel. 'n Uitgebreide metafoor word opnuut in "Grootstad" van Opperman aangetref waarin die stad 'n vrou is wat tot haar onderdane se ondergang lei. Die arbeider se herhalende, uitsiglose bestaan (in "Die arbeider") word uitgebeeld deur hom te vergelyk met die blinde Simson wat by Gasa in die gevangenis moes maal as 'n hulpelose gevangene. Die kinders speel naby die "kerkhof" in "Stadswyk" en hulle bal hop ook op die stoep van die begrafnisondernemer, waardeur die werklikheid van die dood in die stad gesuggereer word. In *Grou mure* dui die verwysing na die "masjien / wat ons in slawerny moet dien" op die werkers se gevangenskap in die stad, wat elders versterk word wanneer die Afrikaners as "krygsgevangenes" in die stad uitgebeeld word. Die dood in haar "swart kappie" is alomteenwoordig" en daar word ook in die gedig na hospitale en begraafplase, met ander woorde na siekte en die dood verwys.

In die liedjie "Imali yami" word gesê dat mense deur die mynhope opgeëet word en dus in die myn verdwyn—beeldspraak wat op die eenvoudigste vlak daarop dui dat 'n persoon se lewe ingrypend deur die stad verander word, maar ook op die uiterste kan beteken dat iemand nooit weer terugkom nie en dus op die myn doodgaan. Die kortverhale van R. R. R. Dhlomo beeld Johannesburg uit as 'n wrede stad waarin tradisie disintegreer en dronkenskap en geweld aan die orde van die dag is. "Woza Nonjinjikazi" en "Ezinkomponi" van Vilakazi eindig met 'n landelike toneel waarin uiteindelike rus te vinde sal wees, waarmee gesuggereer word dat dood op die myne onvermydelik is. In albei tekste speel die masjiene



© Van Schaik Uitgewers

ook 'n belangrike rol. Die trein in "Woza Nonjinjikazi" word direk met die dood verbind. Verder word die onderdanigheid van die masjiene uitgelig, die feit dat hulle nie 'n keuse gehad het as om op die myne te wees nie. In "Ezinkomponi" word die arbeiders op 'n gegewe oomblik die broers van die masjiene genoem, waarmee die gedwonge aard van hulle arbeid op die myn beklemtoon word. Die spreker in "Ezinkomponi" beeld die myne ook herhaaldelik uit as 'n ruimte waarbinne mense siek word en doodgaan.

In *Cry, The Beloved Country* (Paton) is Johannesburg dwarsdeur die roman "a great and wicked city". In die verhale "Love comes deadly" (Manqupu) en "African song" (Rive) is die stad 'n slegte plek wat onvermydelik tot die verval van individuele persone lei . In "City Johannesburg" (Serote) word die stad baie eksplisiet 'n plek van die dood genoem en in "A worker's lament" is dit die werker se gevangenskap in die stad wat voorop staan.

***Samevatting***

In hierdie vergelykende oorsig het geblyk dat die kultuurteks oor Afrikanerverstedeliking veel gemeen het met die kultuurteks oor swart verstedeliking wat betref die eerste vlak van representasie, naamlik die uitbeelding van die stad met gebruikmaking van landelike beeldspraak. Deur die stad te beskryf met gebruikmaking van landelike beeldspraak word die afwesigheid van die natuur enersyds beklemtoon, maar is dit ook andersyds duidelik dat die stad oor beperkte beelding beskik wat ontoereikend is om 'n representasie van die stad te gee. Die direkte vermelding van die afwesigheid van die landelike is nie in so 'n groot mate in die gekose tekste teenwoordig nie, maar dit is die ander kant van die landelike wat juis betrek word om die stedelike uit te beeld.

In 'n sekere opsig keer beeldspraak waar die negatiewe, lelike en vernietigende aspekte van die landelike omgewing uitgelig word, die tradisionele stad/land-opposisie op sy kop, waarbinne die landelike 'n vanselfsprekende positiewe invulling het. Die stad is egter in hierdie voorbeelde ewe afhanklik van die landelike. Steeds is die stad se vermoë tot beelding beperk en word bekende beelde uit die landelike omgewing vereis om die stad nog verder as ongewens, onvriendelik en onvrugbaar uit te beeld.

Daar is opvallende verskille in die wyse waarop 'n botsing tussen tradisionele oftewel plattelandse waardes en die stedelike omgewing in Afrikaanse tekste en tekste oor swart verstedeliking uitgebeeld word. By tekste oor Afrikanerverstedeliking lê die spanning hoofsaaklik in die kontras tussen die vroeëre landelike manier van leef, wat 'n groot klem op godsdiens en 'n sekere afkeer van geld en materialisme behels het, en die leefwyse wat uit verstedeliking voortgespruit het. Tekste oor swart verstedeliking, aan die ander kant, kontrasteer die geskiedenis van bepaalde stamme, sekere stamgebruike, en die ganse konsep van die stam en stamgebruike met 'n stedelike samelewing waarin hierdie dinge weggeval het.



© Van Schaik Uitgewers

04 Van Niekerk 03.pmd 54 10/13/2013, 5:02 PM

Die stad bied in tekste oor Afrikanerverstedeliking asook oor swart verstedeliking nie ʹn tuiste nie. In albei gevalle is die stad dikwels juis verteenwoordigend van onteiening en is in hierdie sin die antitese van ʹn ware tuiste.

Simboliek is veel sterker teenwoordig in Afrikaanse tekste as in tekste oor swart verstedeliking waar dit oor die representasie van die stad as ʹn plek van gevangenskap, die bose en dood gaan. Hierdie tipe uitsprake is in tekste oor swart verstedeliking gewoonlik baie eksplisiet en daar word dus nie van simboliek gebruik gemaak om boosheid of die dood te suggereer nie. In talle tekste van Opperman en Pretorius word simboliek egter juis gereeld ingespan. Arbeid in die stad is in tekste oor Afrikanerverstedeliking en swart verstedeliking ʹn vername faktor waarom die uitbeelding van die stad as ʹn plek van gevangenskap wentel. Tegelykertyd lei hierdie arbeid tot die dood. Tekste oor swart verstedeliking betrek noodwendig dikwels die gegewe van die goudmyne, terwyl die tipe werk wat in tekste oor Afrikaners se verstedeliking genoem word, nie eksplisiet beskryf word nie. In ander tekste (oor Afrikaner- én swart verstedeliking) is die stad eenvoudig op sigself ʹn setel van boosheid en hierdie boosheid lei tot mense se ondergang en dood. Apokaliptiese beelde van die bose stad (soos byvoorbeeld aangetref word in "Die arbeider" van Pretorius en "Grootstad" van Opperman) ontbreek in tekste oor swart verstedeliking—dit is eerder die politieke bestel en die ingesteldheid van wit teenoor swart wat 'boos' is en prominent in baie tekste figureer.

Uit die vergelyking van die kultuurtekste oor verstedeliking blyk dat daar meer ooreenkomste as verskille in die representasie van die verstedeliking van Afrikaners en swart mense in literêre tekste is. Hierdie ooreenkomste is: (1) dat sowel in tekste oor Afrikanerverstedeliking as swart verstedeliking daar volop van die landelike metaforiek gebruik gemaak word om die stad uit te beeld; (2) dat die stad in etlike tekste oor Afrikaner- en swart verstedeliking as die setel van ʹn botsing tussen tradisionele waardes en die stadsomgewing uitgebeeld word—met die implikasie dat die plattelandse waardes beter en edeler is as die waardes en leefwyse wat in die stad gehuldig word, en dat hulle nie in die stad kan bly voortbestaan nie; (3) die representasie van die stad as ʹn plek wat nie ʹn ware tuiste vir Afrikaners of swart mense kan wees nie, ʹn gedwonge onderdak wat in sterk kontras tot die eintlike tuiste, die platteland, staan; (4) die representasie van die stad as ʹn plek van gevangenskap, die bose en die dood in tekste oor Afrikaner- en swart verstedeliking, hetsy in algemene sin of met spesifieke verwysing na die arbeid wat in die stad verrig word wat mense gevange hou en tot hulle dood lei.

Die verskille tussen die kultuurtekste oor verstedeliking lê grootliks in die spesifieke invulling en ideologiese implikasies van die verskillende vlakke van representasie van die stad en verstedeliking. By tekste oor Afrikanerverstedeliking is die "landelike" hoofsaaklik die plaas, wat keer op keer in die Afrikaanse letterkunde na vore tree as ʹn *source of meaning* (J.M. Coetzee 88). Bepaalde waardes soos godsdiens en antikapitalisme gaan met die lewe op die plaas gepaard en die



©Van Schaik Uitgewers

plaas word as die enigste moontlike tuiste van die Afrikaner gesien. In tekste oor swart verstedeliking is die landelike die natuur, maar ook die gebruike en orale oorlewering wat tot die tradisionele leefwyse behoort het, en 'n bewustheid van die wêreld van die voorvaders. Hierdie gebruike en godsdienstige ingesteldheid kan nie in die stad herwin word nie, en beelde van die dood en kontak met die voorvaders word uitsluitlik in 'n landelike milieu geplaas. Die spesifieke arbeid wat Afrikaners en swart mense verrig het, verskil dikwels in die literêre tekste, maar die implikasies van hierdie werk is grootliks dieselfde (gevangenskap en die dood). Wel is daar by die kultuurteks oor swart verstedeliking die bykomende element van verset teen wit onderdrukking (waarvan die goudmyne emblematies is), terwyl 'n soortgelyke politiese (anti-Britse) sentiment nie frekwent in die tekste oor Afrikanerverstedeliking wat bestudeer is, voorkom nie.

**Slot**

Malvern van Wyk Smith (82) skryf as volg oor die belangrikheid van die stad in vergelykende studies oor Suid-Afrikaanse letterkundes:

> not only does the city as a literary trope usually express a profound split between a pre-modern oral culture and a modernist culture, but as a site of traumatic real and symbolic encounter in South Africa it has typically figured quite differently in black and white writing. […] [T]he trope of the city generates perhaps the most salient indicators of the enormous rifts that have existed, and in many respects still do exist, between the different literary traditions, if not actually different literatures, in South Africa.

Die rasionaal vir 'n vergelykende studie oor Afrikaner- en swart verstedeliking sou op grond van hierdie stelling wees om aan te toon in watter mate daar verwydering tussen Afrikaners en swart mense bestaan het en hoe hulle ervarings opvallend verskillend was—wat verduidelik waarom daar sulke groot verskille tussen die letterkundes van Suid-Afrika bestaan. Soos reeds in die inleiding genoem, is ook De Kock ("Smaller stories" 86) van mening dat dit sinvoller is om die wyses te bestudeer waarop *cultural division* tussen die verskillende groepe in Suid-Afrika ontstaan het.

In hierdie studie is egter aangetoon dat literêre tekste oor die verstedeliking van Afrikaners juis *nie* drasties verskil van literêre tekste oor swart verstedeliking nie. Dieselfde herhalende skemas kom in albei stelle tekste (dit wil sê, in al drie letterkundes—Afrikaans, Engels, Zulu) voor. Hoewel daar konsekwent en met opset geen vergelyking tussen individuele tekste plaasgevind het nie, is dit moontlik om op frappante ooreenkomste tussen Afrikaanse tekste en Engelse- of Zulutekste te wys. Nog belangriker is die ooreenkomste in die *wyse* van representasie wat herhaaldelik aangetoon is.



© Van Schaik Uitgewers

Daar is aangetoon dat die verskille tussen die kultuurtekste oor Afrikaner- en swart verstedeliking hoofsaaklik op die vlak lê van aktuele gegewens wat met die verskille in die behandeling van swart mense en Afrikaners in die stad en op die myne verband hou. Die onderliggende (ideologiese) aard van die representasies van die stad en die middele waarmee hierdie representasie tot stand kom, is egter in 'n groot mate eenders.

Hierdie gevolgtrekkings dien in die eerste plek as versterking van Ampie Coetzee ("Rethinking" 14) se pleidooi dat vergelykende studies tussen Suid-Afrikaanse letterkundes binne die raamwerk van studies oor diskoers/diskursiewe formasies moet plaasvind. Die aantoon van die bestaan van kultuurtekste oor die verstedeliking van Afrikaners en swart mense enersyds en die ooreenkomste tussen hierdie kultuurtekste andersyds illustreer die mag van die diskoers oor verstedeliking in Suid-Afrika en die aard van hierdie diskoers as essensieel *een* verhaal wat deur verskillende karakters vertel is (vgl. Chapman xix).

'n Belangrike tekortkoming van die studie is dat hoewel die literêre tekste oor verstedeliking duidelik in 'n diskoers ingebed is wat historiese en politieke prosesse insluit, daar slegs kortliks hierna verwys is. Daar sou vollediger aangetoon kon word hoe die kultuurteks oor verstedeliking ingebed is in politieke prosesse soos wetgewing oor verstedeliking en hoe dit swart en wit geaffekteer het. Een manier om dit te bewerkstellig, sou miskien wees om Suid-Afrikaanse outobiografieë by die studie te betrek: boeke soos *Down Second Avenue* (1959) deur Es'kia Mphahlele vertel die verhaal van verstedeliking op 'n wyse wat literêr asook by uitstek geskiedkundig van aard is. Verder is die vernaamste tekortkoming van die studie die beperkte aard daarvan: ten opsigte van sowel die Afrikaanse letterkunde as die letterkundes van Engels en Zulu sou die bevindinge van die studie aan soveel as moontlik ander tekste, in alle genres, getoets moes kon word.

Behalwe vir 'n bykomende korpus tekste waarin die hipoteses en gevolgtrekkings van hierdie studie nog verder getoets sou kon word, bied die konsep van diskursiewe formasies in Suid-Afrika moontlikhede vir vele vergelykende studies in Suid-Afrika. Hierdie studie het gepoog om 'n praktiese voorbeeld te wees van 'n werkwyse waarin die bestaan van gedeelde diskoerse die vertrekpunt vir vergelykende studies tussen Suid-Afrikaanse letterkundes is, en hopelik sal ander toekomstige navorsing nog verder aantoon "to what extent literatures have written [discursive] formations [...]"(Coetzee, "Rethinking" 14). Die breër toepassingsmoontlikhede van Maaike Meijer se konsep van die "cultuurtekst" binne literatuurstudie, maar ook kultuur- en mediastudie, is ook heelwat verdere ondersoek werd.

Die studie blyk ook aan te toon dat die hipoteses van navorsers wat teoreties oor vergelykende literatuurstudie in Suid-Afrika skryf, soms verkeerd bewys kan word wanneer sulke studies in die praktyk uitgevoer word, byvoorbeeld, dat groter ooreenkomste oor kultuurgrense heen moontlik is as wat 'n mens sou kon



© Van Schaik Uitgewers

vermoed. 'n Vername funksie van meer vergelykende studies tussen Suid-Afrikaanse letterkundes sal uiteindelik wees om nuwe literatuurgeskiedenisse moontlik te maak waarin verantwoorde stellings oor die interaksie, ooreenkomste en verskille tussen Suid-Afrikaanse letterkundes gevind kan word.

**Aantekeninge**

1. Die artikel is voorheen in *Tydskrif vir Letterkunde* 48.2 (2011) gepubliseer en word met die vergunning van die skrywer en redaksie geplaas. Dit is gebaseer op 'n meestersgraadverhandeling, "Kultuurtekste oor verstedeliking: 'n vergelyking tussen Afrikaner- en swart verstedeliking in literêre tekste" (2009), voltooi onder leiding van prof. C.H.F. Ohlhoff, Universiteit van Pretoria. Hierdie studie is voltooi voor die verskyning van David Attwell en Derek Attridge se *The Cambridge History of South African Literature* (2012).
2. Ten opsigte van die tema van verstedeliking het enkele persone en ook een van die eksterne keurders van hierdie artikel gewys op die feit dat stadsliteratuur ook elders in die wêreld, byvoorbeeld in Europa, 'n vername kenmerk van die modernisme was. Wanneer 'n mens Opperman se stadsgedigte lees, kan onmiddellike vergelyking gedoen word met byvoorbeeld die Duitse digter Georg Heym (met 'n teks soos "Der Gott der Stadt"). Ek sou aanvoer dat 'n breër, internasionale verskynsel ten opsigte van stadsliteratuur beslis bestaan, maar ek sou dit net so belangrik vind om stadsliteratuur in Duitsland en Amerika, byvoorbeeld, binne 'n groter diskursiewe raamwerk soos bepaal deur die betrokke letterkunde en konteks te bestudeer as wat ek dit vir Suid-Afrikaanse stadsliteratuur nodig ag.

**Geraadpleegde bronnelys**

Bassnett, S. *Comparative Literature: A Critical Introduction.* Oxford: Blackwell, 1993.

Chapman, M. *Southern African Literatures.* Pietermaritzburg: U Natal P, 2003.

Coetzee, A. *'n Hele os vir 'n ou broodmes. Grond en die plaasnarratief sedert 1595.* Pretoria / Kaapstad: Van Schaik / Human en Rousseau, 2000.

_____. "Oorgangsliteratuurgeskiedenis: die illusie van 'n nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde." *Literator* 18.3 (1996): 41–55.

_____. "Rethinking South African National Literary History. South Africa? History? Literary History?" Reds. J.A. Smit, J. van Wyk, J. Wade. *Rethinking South African Literary History.* Durban: Y Press, 1996. 10–19.

Coetzee, J.M. *White Writing: On the Culture of Letters in South Africa.* New Haven: Yale UP, 1988.

De Kock, L. "The Pursuit of Smaller Stories: Reconsidering the Limits of *Literary History* in *South Africa*." Reds. J.A. Smit, J. van Wyk, J. Wade. *Rethinking South African Literary History.* Durban: Y Press, 1996. 85–92.

De Kock, L. "An impossible history." *English in Africa,* 24.1 (1997): 103–17.

Gérard, A.S. et al. *Comparative Literature and African Literatures.* Pretoria: Via Afrika, 1993.

Giliomee, H. en B. Mbenga, B. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg, 2007.

Gray, S. *Southern African Literature: An Introduction.* Kaapstad: David Philip, 1979.

_____. "Third world meets first world. The theme of 'Jim comes to Joburg' in South African English fiction." *Kunapipi*, VII.1 (1985): 61–80.

Green, M. "Resisting a National Literary History." Reds. J.A. Smit, J. van Wyk, J. Wade. *Rethinking South African Literary History.* Durban: Y Press, 1996. 224–35.

_____. *Novel Histories. Past, Present and Future in South African Fiction.* Johannesburg: Witwatersrand UP, 1997.

Hall, S. "The work of representation." Red. S. Hall. *Representation: Cultural Representations and Signifying Practices.* Londen: Sage, 1997. 1-64.

Heywood, C. *A History of South African Literature.* Cambridge: CUP, 2004.

Lubbe, H. en R. Wiehahn. "Die Afrikaanse plaasroman in die twintigste eeu." *Stilet,* 12.1 (2000): 153–67.



© Van Schaik Uitgewers

Meijer, M. *In tekst gevat: Inleiding tot een kritiek van representatie.* Amsterdam: Amsterdam UP, 1996.

Mokitimi, M.I.P. *Swerfsange. Liedere van Basotho-mynwerkers.* Vert. Malefetsane Lenake en Chris Swanepoel. Pretoria: Van Schaik, 2004.

Ntuli, D.B.Z. en Swanepoel, C.F. *Southern African Literature in African Languages: A Concise Historical Perspective.* Pretoria: Acacia, 1993.

Pretorius, S.J. *Grou mure.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.

Smit, J.A., J. van Wyk, J. Wade (reds.). *Rethinking South African Literary History.* Durban: Y Press, 1996.

Spies, L. "Die stad in die Afrikaanse poësie: Vervreemdingsoord en onderdak." Red. F.A. van Jaarsveld. *Verstedeliking in Suid-Afrika*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1981.

Stahle, N. "The Road Returning: A Post-Apartheid Perspective of Country and City in Paton's *Cry, The Beloved Country,* Abrahams's *Mine Boy* and Venter's *Swart Pelgrim.*" Red. C.N. van der Merwe. *Strangely Familiar: South African Narratives in Town and Countryside.* Pretoria: Content Solutions, 2001: 187–220.

Tötösy de Zepetnek, S. *Comparative Literature: Theory, Method, Application.* Amsterdam: Rodopi, 1998.

Totius. *Trekkerswee. Versamelde werke.* Kaapstad: Tafelberg, 1977.

Van Coller, H.P. "Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika." *Stilet,* 7.2 (1995): 22–31.

_____. "Die Afrikaanse prosa se peregrinasie van die plaas na die stad." Reds. A.W. Oliphant en H. Roos. *Word, (Wo)man, World. Essays on Literature.* Pretoria: U South Africa, 2005. 56–93.

_____. "Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa." *Stilet,* 18.1 (2006): 90–121.

Van der Merwe, C.N. (red.). *Strangely Familiar: South African Narratives in Town and Countryside.* Pretoria: Content Solutions, 2001.

Van Rensburg, F.I.J. *Die Afrikaanse digter as historikus van Johannesburg*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit, 1981.

_____. *Die smal baan. Aspekte en figure uit die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse letterkunde.* Tweede uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1987.

Van Vuuren, H. "Introduction: Literary historiography, with specific reference to the problems of the South African context." *Journal for Literary Studies*, 10.3–4 (1994): 261–78.

_____. "Recent changes in South African literary historiography: theory and practice." *Alternation,* 1.1 (1994): 8–20.

_____. "Heywood's *A History of South African Literature*—totally unreliable as a study guide or introduction." *LitNet.* 25.6.2010. <http://oulitnet.co.za/seminarroom/van_vuuren_heywood.asp>.

Van Wyk Smith, M. "White Writing/Writing Black: The anxiety of non-influence." Reds. J.A. Smit, J. van Wyk, J. Wade. *Rethinking South African Literary History.* Durban: Y Press, 1996. 71–84.

Wasserman, H. *Die stoetmeester van Etienne van Heerden binne die plaasromantradisie in Afrikaans.* MA-tesis, U Stellenbosch, 1997.

Williams, R. *The Country and the City.* 1973. Londen: Hogarth Press, 1993.



© Van Schaik Uitgewers

04 Van Niekerk 03.pmd 59 10/13/2013, 5:02 PM